

HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

HERALD



>>> BLADSY 2

Die moeilike jare

Mens lewe nie in die verlede nie, want daaraan kan jy niks doen nie, maar jy kan immers iets leer uit die verlede se foute.

>>> BLADSY 3

Sandersville onderwyser oorlede

Al het Mnr Louw reeds twee keer uit die onderwys bedank, het hy elke keer teruggekeer na die professie.

>>> BLADSY 6

Dokters Covid-positief

Die spreekkamers was twee keer ontsmet en het heropen. Dr van Stryp is op sy pos en Dr Spies sterk tuis aan.

Die nuus dat die ikoniese kleurryke aantreklikhede op die St. James-strand in die Kaapse Skiereiland Saterdagoggend in 'n brand vernietig is, was hartseer. Later die dag het een van Heilbron se eie historiese geboue ook in vlamme opgegaan. Die Marshall House Country Lodge in Cillierstraat het Saterdagmiddag vlamgevat en sal nou gesloop moet word. Die gebou behoort aan Phillip en Jehanne van der Merwe en het oor die jare ook bekend gestaan as Cinderella's Castle. Daar is in die omgewing van die gastehuis duidelike tekens sigbaar van die bestaan van die boerdery-gemeenskap van 100 jaar gelede, bv die perdestal, vrugteboord en waar die beeste snags ingejaag is. Dit kan nie vasgestel word wat die doel was vir die gastehuis jare gelede nie. Daar is trappe in die kombuis gevind wat na 'n kelder lei, vermoedelik gebruik as skuiling tydens die oorlog. Quarta Pretorius is gevra vir meer geskiedenis oor die gebou en sy omgewing. Marshall House Country Lodge se eerste aangetekende eienaar was Robert Warwick in 1906, daarna was die eienaar WAB du Toit in 1919 en Ernest Darcy Shipman in 1942. Jehanne en Phillip het die woning ongeveer 25 jaar gelede gekoop. Die huis waar Jehanne se Partytjiediens besigheid tans is, was eers in die besit van Lodewyk Petrus Spies in 1911 en die huis waarin Phillip en Jehanne tans woon was die eiendom van Hilda Eileen van Niekerk in 1922. Hoewel die gebou net 'n aardse besitting was, is die egpaar baie hartseer omdat hulle daar baie gelukkige herinneringe oor die jare gevorm het.

HISTORIESE HUIS IN VLAMME

Die ondersoekbeampte kon bevestig dat die voorval nie as gevolg van brandstigting was nie. Hierdie was die vierde huis wat vanjaar byna in puin gelaat is en inwoners wonder wat nog moet gebeur voordat Heilbron weer 'n brandweerwa sal besit. Daar is vroeër die jaar berig oor die bakkie wat as brandweerwa dien en wat herstelwerk moet ondergaan. Tot nou toe is steeds geen aandag daaraan deur die munisipaliteit gegee nie. As dit nie was vir die gemeenskap wat met vuurvegters ingespring het om te help nie, kon die skade baie groter gewees het. Deur genade het die boom tussen die gastehuis en die Bormans se houthuis nie vlamgevat nie. Die grasdaklapa wat 'n paar tree weg is, het ook in die brand gespaar gebly. Die brand het ongeveer 17:30 uitgebreek en nie lank daarna nie, het boere van die omgewing hul ook na die toneel gehaas om die vuur te help blus. Jehanne vertel dat die jonger klomp selfs gehelp het om van die meubels te red. Na die tyd is verskeie benodighede deur die gemeenskap aan die Schultz gesin geskenk vir dit wat in die brand verlore geraak het. Groot dankbaarheid word getoon vir elk se ondersteuning, lees ook die dankie brief van die egpaar en die Schultz gesin op bladsy 7.





FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
DONDERDAE – ROYAL AUCTION CENTRE

Vir kraalbesprekings en inskrywings
skakel Piet Boshoff : 083 210 7135
Posbus 220, Frankfort, 9930 | Tel: 058-813 1071
E-pos: frankfort@bkbouw.co.za
www.bkb.co.za
(reg. Nr: 2006/036173/07)



*Waar sake elke keer,
die eerste keer reg gedoen word!*

DIE MOEILIKE JARE VAN 1898, 1935 EN NOU

Mens lewe nie in die verlede nie, want daaraan kan jy niks doen nie! Maar jy kan immers iets leer uit die verlede se foute – wat in die geskiedenis opgeteken staan. Ek sit voor my lessenaar met dié twee gedagtes wat in my kop maal! Wat was die slegste tye en het daar verandering plaasgevind? In my geestesoog sien ek hoedat die Anglo Boere-oorlog afspeel, soek na die oorsake wat daartoe gelei het. Daarna was dit die Uniewording van Suid-Afrika en gepaard daarmee dan die Rebelle van 1914 met die Eerste Wêreldoorlog van 1914 en kort op sy hakke die Spaanse griep van 1918 en dan weer die Groot Depressie en 1933 se droogte wat gevolg het.

Asof dit nie genoeg ellende was nie, breek die Tweede Wêreldoorlog uit in 1939. Na die vredesverdrag in 1945 heers daar meer vrede op aarde as voorheen. Wil ’n rukkie stilstaan by die Rebelle se tyd – en dit deur trek na Heilbronn se deelname. Voordat dit onder die loop kom, moet genoem word dat Heilbron ’n besonderse plek in die geskiedenis het. Het u geweet dat Grey-kollege se hoof, mn. Scheepers, se moeder ’n Heilbronner was? Sy was Kmdt. Andries Strydom se suster. En nog ’n ietsie, Harold Verster, voorsitter van Vrystaat-rugby, se pa was ’n onderwyser by die Laerskool. Daar is nog een bekende – Generaal C. R. de Wet het in Heilbron distrik geboer. Daar is seker nog talle ander wat genoem kan word soos bv. die Brussouw-gesin, ens. Dink nou aan Kmdt. David van Coller – wat in 1952 oorlede is. Hy was nooit in die Boereoorlog gevange geneem nie en was medeondertekenaar in Vereeniging van die vredesverdrag. Dan was hy weer betrokke by die Rebelle van 1914 en is op Reitz gevange geneem en het 13 maande saam met Generaal De Wet in die Johannesburgse tronk deurgebring.

Hy was ook betrokke by die onderdrukking van die mynwerkerstaking in Johannesburg. Die Spaanse “groot” griep van 1918 het baie lewens geëis. Daar is oral op verlate plase vandag nog ongemerkte grafte wat inderhaas die laaste rusplek geword het van boere-gesinne. Dink hier aan Pieter en Johanna Swart van die plaas Skiethoek, Smithfield-distrik, wat vier dae uit mekaar oorlede is en sewe weeskinders nagelaat het. Hulle was 35 jaar oud. Terloops, hulle was Joey Watson se oupa en ouma.

Quarta Pretorius vertel van haar ouma Matty Schabort, hulle het in Frankfort/Villiers omgewing geboer, wat vertel het “...dit het in Oktober 1918 begin. Ons het in koerante gelees en gehoor van die Spaanse griep wat in die Kaap begin het. Daar is toe op 11 Oktober ’n groot vergadering op Frankfort gehou waar meer besonderhede gegee is. Ons het later die maand ’n kerk inwyding op Villiers gehad, ook in Oktober, en daar het ons agtergekom van die groot gevaar van die griep.

Na gewoonte was die voorbereiding die Saterdagmiddag. Toe ds. Le Roux op die preekstoel geklim het, het hy ’n gebed gedoen en toe ’n telegram voorgelees wat die regering aan al die gemeentes gestuur het dat daar geen dienste of byeenkomste meer mag plaasvind nie. Hy het toe geen diens gehou nie. Hy het die brief klaar gelees en gesê – mag die Here almal bewaar.” Daarna is baie mense dood aan die griep – daar is selfs ’n moeder gekry waar sy oorlede is met die baba nog aan haar bors. Talle het ’n hoes gehad met bloeding en is na ’n paar dae oorlede. Die skole en stadsaal is gebruik vir hospitale en die poskantoor was slegs ’n paar dae per week oop. Toe die griep weer in 1919 ’n draai maak is nog baie mense oorlede.

Time Gentlemen
Tom Watson

Jare gelede was daar ’n rolprent – The Student Prince waarin Mario Lanza die hoofrol vertolk het. Hy mag sing en een van die liedjies wat hy destyds en nog vandag op “YouTube” beskikbaar is nl. I’ll Walk With God, is soos ’n reddingsboei vir die mensdom....

I’ll walk with God from this day on.
His helping hand I’ll lean upon.
This is my prayer, my humble plea,
May the Lord be ever with me.....



Bo: ’n Engelse vertaling van een van Nicolaas (Siener) van Rensburg se bekende voorspellings.



OPSOEK NA GROENER WEIVELDE

“Kom Skapie Walkies”, sê Themba Mbondo elke dag vir sy hanslam-ooi. So mak soos ’n lammetjie en nogal aan ’n leiband, loop Skapie wat sy naam ook is, saam met sy eienaar deur die dorp. Themba sê dat Skapie vir hom wys waar sy graag wil wei. Donderdag was dit die sypaadjies van Stoffel Nel Straat. Die gras is mos groener in dié straat vanweë al die lekkende waterpype.

RINGE GERUIL VIR MUNTSTUKKE

Daar is blykbaar twee mans wat in Heilbron van huis tot huis aanklop op soek na ou juweliersware om te koop. ’n Vrou, wat graag anoniem wil bly, het aan die Herald vertel dat hulle aan haar voordeur kom klop het en sy teen haar beterswete die deur oopgemaak het. Na die tyd het sy gehoor dat hulle al vantevore in die dorp was. Sy het ou goue juweliersware gaan uithaal waarvoor hulle haar R2000 aangebied het. Sy het die aanbod aanvaar en seker gemaak dat die note eg is. Dit is egter daarna wat hulle aangebied het om haar ringe vir haar gratis skoon te maak, dat sy niksvermoedend haar ringe in ’n klein houer geplaas het waarin water bygevoeg moes word om die produk te aktiveer. Sy het sommer die tuinslang in haar voortuin nader gebring, waarna hulle haar aangesê het om die houer vir 15 minute in die vrieskas te sit. Na ’n kwartier verstreke was en sy die houer gaan uithaal, was daar tot haar ontsteltenis net twee muntstukke in waarmee hulle haar ringe omgeruil het. Haar bure het die dorp platgery opsoek na die voertuig en syself het SAPD toe gegaan. Volgens haar is daar nie ’n saak gemaak nie omdat sy nie die registrasienuommer van die voertuig kon verskaf nie en geen ondersoek vind plaas nie. Heilbron inwoners word herinner dat dié nie in “lockdown” is nie.

GELIEFDE SANDERSVILLE ONDERWYSER OORLEDE



In liefdevolle herinnering aan Ronald Arthur Howard Louw, oorlede op 2 Augustus 2020 in die ouderdom van 49 jaar. Sy loopbaan as onderwyser by Sandersville Gekombineerde Skool het in April 2002 begin as Natuurwetenskap onderwyser vir die Intermediêre Fase. Al het Mnr Louw reeds twee keer uit die onderwys bedank, het hy elke keer teruggekeer na die professie weens sy groot liefde vir onderwys. Sy les aanbiedings het altyd die kinders se nuuskierigheid geprikkel, hy was selfs op ’n stadium die Departementshoof van die skool. Sandersville gekombineerde skool se skoolhoof, Mev. Rosy Ruiters, beskryf Mnr Louw as ’n gedissiplineerde onderwyser. “Hy het almal rondom hom gerespekteer. Sy werk by die skool was altyd op datum, ’n man van integriteit. ’n Motiveerder wat altyd die voortou geneem het in alle aktiwiteite by die skool. Hy het ook self elke jaar aan die 100m deelgeneem tydens atletiek met ons onnies se item.” Mnr Louw was beter bekend as Meneer Ronnie. Al was hy ferm en kwaai, was hy tog beskryf as liefdevol. Hy het selfs ’n kursus gedoen om as “life coach” bekwaam te word, want hy wou altyd sien dat mense hulself verbeter. Hy was een van die mans onderwysers wat permanent netjies geklee was, dit was ’n teken van sy trots en toewyding as ’n onderwyser by Sandersville Gekombineerde Skool. Die skool en die gemeenskap sal hom baie mis. Rus in Vrede Mnr RAH Louw.



BENEFITS OF BREASTFEEDING

• Heilbron Clinic

- B**est for baby
- R**educe allergies
- E**conomical – It is free
- A**ntibodies - Protect child
- S**tools - not constipated and not a bad smell
- T**emperature - Always ideal
- F**resh milk - Never goes off
- E**motionally bonding between mother and baby
- E**nough, never run out of milk
- D**igested easily
- I**mmmediately available
- N**utritionally optimal - contains everything baby needs
- G**astro (Reduce diarrhea)

Ondervind u probleme om duidelik te hoor?

HEAR4LIFE, ’n gehoorpraktik van Pretoria, besoek Heilbron weer op **21 AUGUSTUS**.

Ingekontraakteer met mediese fondse. WEENS DIE HUIDIGE COVID-19, word gehoortoetse in die veiligheid van u eie huis gedoen.



WHATSAPP OF SKAKEL 063 959 3028 VIR AFSPRAKE OF NAVRAE





UIT DIE PEN

Ek is op rekord dat ek gesê het dat hierdie virus 'n storm in 'n teekoppie is. 'n Paar weke gelede het ek gesê dat dit 'n effense groter storm (in dieselfde teekoppie) is as wat ek gedink het. Ek volstaan met my teekoppiestorms. Maar ek het lank tyd gehad om oor ons inperking te dink. Nie dat ek niks gehad het om te doen nie. Intendeel: die enigste tyd wanneer ek nie gewerk het nie, was verlede week toe ek drie dae verlof geneem het. Die res van die inperking, tot op hede, het ek die voorreg gehad om te kon werk en my werkgever die voorreg gehad om aan my 'n volle salaris oor te betaal. Ek noem dit 'n voorreg, want dit was nie vir almal gedurende hierdie tyd beskore nie en ek is innig dankbaar vir 'n werkgever wat my nog kan bekostig. Drie keer in 7 dae het ek gehoor van ander mense wat, as gevolg van die inperking, hul eie planne moes maak. Kon ons noem dit geval A, B en C. Geval A woon in die Kaap. Hy het 'n agentskap wat wyn invoer, uitvoer en vervoer. Hy het bloot met sy werk voortgegaan gedurende die

inperking, veral wat die vervoer van wyn aanbetref. Natuurlik dubbel die salaris, maar steeds. Hy het steeds bestellings geneem en afleverings gedoen. Geval B woon in Krugersdorp. Hy verskaf hardhout op aanvraag. Baie diskreet. Hy kry bewys van die elektroniese inbetaling en spreek dan af waar die kliënt sy bestelling kan afhaal. Die adres word heeltyd verander sodat niemand snuf in die neus sou kry nie. Geval C brou sy eie gin, whiskey en bier. Jy betaal per EFT, ry na sy huis toe. By die hek gee jy 'n sekere kode en die eienaar maak vir jou die hek oop. Jy ry in, die hek maak agter jou toe. Dan kom die eienaar van die huis met jou bestelling, jy maak die katebak oop, hy plaas dit in die katebak, maak dit toe en maak weer die hek oop. En daar gaan jy. Blykbaar is die craft gin nie baie duur nie, so R250 per bottel. Ons gaan gou, vir die oomblik, terug Kaap toe. Die wyn- en fynproewersmekka van die land. Boetiek-restaurante langs prentjiemooi wingerde of smal straatjies. Wat dalk uitkyk op die see of die groot berg. Wat plaaslike wyn in groot kelke bedien. Wes-Kaap het die beste ouditverslae in die land. Alles werk daar, tot die radar waarmee die skietkop spoedlokvalle stel. Munisipale rekeninge word betyds gepos en dus is die gemiddelde betaling beter as in ander provinsies. Wes-Kaap is skoon. Dis een van die min provinsies waar daar effektiewe dienslewering is. Paaie word meer dikwels in die Kaap as in Gauteng of in die Vrystaat herstel. Daar is mense wat die telefone beantwoord en wat kan help met 'n navraag. Die Wes-Kaap was gerat om COVID-19 pasiënte te kon hanteer, lank voordat Gauteng se infeksiesyfer die hoogte ingeskiet het.

Ironies dat dit die enigste provinsie is waar daar treine gebrand word. Volgens 'n artikel wat op 22 Januarie 2020 op www.timeslive.co.za verskyn het, was daar oor die afgelope drie jaar 214 voorvalle van brandstigting op Suid-Afrikaanse treine. 'n Totaal van 174 van hierdie brande het in die Wes-Kaap voorgekom. Daar word bereken dat die Wes-Kaap tans net 32 treine oor het. Ek kom terug na geval A, B en C: Die grootste deel van die Wes-Kaap se inkomste kom uit die verkoop van wyn. Ja, daar is nog 'n paar winkelders in die res van die land, maar die oorgrote meerderheid is in die Wes-Kaap. En toe word die verkoop van wyn in die land tydens inperking gestop. Need I say more? Hier is die laaste van die dieper denke vir vandag: die Kulinêre hoofstad van Suid-Afrika is in die hart van die Wes-Kaap: Franschhoek. 'n Vinnige Googlesoektog lewer ten minste 54 restaurante op. Slegs in Franschhoek. Dan is daar nog Stellenbosch, Kaapstad, die Tuinroete en ander dele van die Wes-Kaap. Die restaurante kon 'n paar weke gelede oopgemaak het, nadat dit vir weke moes toe staan. Maar geen wynkuiers nie. Net eet. Sonder drank. Dan moet hulle, as ek reg onthou, 22:00 toe wees. Met 'n lekker geselskuier gaan jy dalk so by 19:00 na die restaurant toe en eers teen 23:00 huis toe. Met of sonder wyn in die lyf. Dan moet die restaurant ook nog die fisiese afstande tussen kliënte behou. Dalk is ek net besig om my eie samesweringsteorie hier neer te pen. Ek het gelees dat 'n goeie samesweringsteorie nie bewys kan word nie. Want as jy dit kon bewys, beteken dit dat die samesweerders iewers iets verkeerd gedoen het. Dalk het hierdie pandemie net reg in die regerende party se

WEEK TWINTIG

kraal geval, want drie miljoen Suid-Afrikaners het gedurende die pandemie hulle werk verloor. Gaan lees maar op www.business-humanrights.org. Dit is moontlik dat die meeste van hierdie werkloos ongeskool is, of dalk stukwerkers was. Maar deel van hierdie drie miljoen Suid-Afrikaners was werkgewers wat gesorg het dat iemand iets kon verdien. Dalk was hierdie vir hulle 'n bedekte seën: nou kan die regerende party besluit wie watter toelae gaan kry, aan wie subsidies gegee gaan word en wie weer opgehelp word. Ek weet nie, dit was maar net iets waaraan ek gedink het. Wat ek wel weet (en wat nie 'n samesweringsteorie is nie), is dat daar mense is wat diep geld skep uit hierdie pandemie. Ja, die regering is besig om die tenderverneukers te ondersoek. Ek weet net nie of hulle verby die oortjies van die seekoei sal kom nie, want daar is baie mense wat baie ryk word terwyl ander, wat werk verskaf het en aktief tot die staatskas bygedra het, hulle deure moet sluit. Ek lees die volgende aanhaling van Jeffrey Tucker, 'n Amerikaanse ekonoom en skrywer: "Someone asked me the other day if I believe in conspiracies. Well, sure. Here's one: It is called the Political System. It is nothing if not a giant conspiracy to rob, trick and subjugate the population." En ewe skielik maar dinge vir my meer sin as voorheen.

DIE RUS INGE GAAN

† In liefdevolle herinnering aan **Susan Gladys Mantso**, oorlede op 9 Augustus 2020 in die ouderdom van 56. Die begrafnis vind plaas op 15 Augustus 2020 in die Plaas Begraafplaas. Sy laat na haar familie en vriende. † In liefdevolle herinnering aan **Malefu Aletta Monareng**, oorlede op 5 Augustus 2020 in die ouderdom van 39. Die begrafnis vind plaas op 15 Augustus 2020 in die Dorp Begraafplaas. Sy laat na haar familie en vriende. † In liefdevolle herinnering aan **Melakhe Chabongu**, oorlede op 5 Augustus 2020 in die ouderdom van 33. Die begrafnis vind plaas op

15 Augustus 2020 in die Plaas Begraafplaas. Hy laat na sy familie en vriende. † In liefdevolle herinnering aan **Petros Mabe**, oorlede op 10 Augustus 2020 in die ouderdom van 52. Die begrafnis vind plaas op 15 Augustus 2020 in die Plaas Begraafplaas. Hy laat na sy vrou, familie en vriende. † In liefdevolle herinnering aan **Rebabele Melato**, gebore op 7 Julie 2020 en oorlede op 4 Augustus 2020. Die begrafnis het plaasgevind op 8 Augustus 2020 in die Plaas Begraafplaas. Hy laat na sy moeder, vader en familie.

Skoenlappers vreet dikwels van dooie diere, vrot vrugte, bloed, ontlasting en urine. Blomme alleen verskaf nie genoeg natrium vir skoelappers nie, daarom word hulle aangetrek tot souterige reuke. As 'n skoelapper ooit op jou beland het, is dit nie omdat hy van jou hou nie, of omdat jy soos 'n blom lyk nie, maar eintlik is dit omdat die skoelapper gelok is deur die reuk van sout in jou sweet en bloed en hy jou wou eet, maar die tromp was so klein dat jy nie gevoel het dat dit aan jou suig nie.

HET JY GEWEET?



GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars
Heilbron Herald (Edms) Bpk,
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140
www.heilbronherald.co.za
E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za • John Watson john@heilbron.co.za
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
Celéste herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Carlen heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
Silma heralduus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)
Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe kler, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.
Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

KENNISGEWINGS

Form JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **DEED OF TRANSFER NO. T16779/2008** passed by **ERNST PHILLIPUS JOHANNES VAN DER ZANDT** in favour of **DARRYL RICHARD SHOVLIN** in respect of certain **PLOT 326, WELTEVREDEN SETTLEMENT, district Koppies, Province Free State** which has been lost or destroyed. All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks after the date of the publication of this notice. Dated at Koppies on this 6th day of August 2020.

AMANDA ANNE SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC
26A CHURCH STREET
P.O. BOX 21, KOPPIES, 9540
TEL: 056 777 1884

VAKATURES

Aansoeke word ingewag vir **JUNIOR en SENIOR personeel.**



Potgieter & Vennote

Enige van die volgende vaardighede sal voorkeur geniet: Rekenaarvaardig, rekeningkundige, belasting- en boedel bereddering agtergrond.
Sluitingsdatum: 18 Augustus 2020.
CV kan gestuur word na:
• E-pos: jurie@jgpotgieter.co.za
Faks: 058 853 0015
• Per hand: Breëstraat 33, Heilbron

Enige navrae, kontak **Jurie Potgieter** by 058 852 3001

NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE GERT BOTHA**, Identity Number: 430505 5020 084, in life unmarried, residing at the farm Warden, district Heilbron, Province Free State, who died on 30 June 2020, **Estate Number: 3986/2020**. All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication. Signed at Heilbron on the 3 August 2020.
(GET) **AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC**
40 CHURCH STREET
P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650

BETREKKINGS

DAMPLAAS KRAGBRON PETRUS STEYN

Die dienste van 'n Hoogspanning Elektriese word benodig.
Die geskikte kandidaat moet aan die volgende vereistes voldoen:
• Vriendelik, self gemotiveerd en selfstandig kan optree;
• Betroubaar, sober, eerlike en Christelike gewoontes;
• Goeie mense/kliënte verhoudings kan handhaaf;
• 2 Getuigskrifte moet ingesluit word by CV.

POSVEREISTES:
• Rekenaarvaardig
• Graad 12 en/of NQF 4 of hoër
• Sertifikaat/Diploma Elektries
• 2 jaar ondervinding
• Bereidwilligheid om onreëlmatige ure te werk

Vir navrae oor die pos kan **Bill Thirtle** by 066 474 6738 gekontak word.
E-pos u CV na **damplaaskragbron@gmail.com**

SLUITINGS DATUM VIR AANSOEKE:
02 September 2020 om 18H00
Kandidate wat geen terugvoering binne twee weke na sluitingsdatum ontvang nie, kan hul aansoek as onsuksesvol beskou.

WEERVOORSPELLING



Sa 15 Aug.	3 / 25	Sterk wind
So 16 Aug.	-3 / 16	Koel
Ma 17 Aug.	0 / 20	Warmer, sonnig
Di 18 Aug.	8 / 15	74% kans vir reën
Wo 19 Aug.	8 / 15	100% kans vir reën
Do 20 Aug.	7 / 15	Bewolk
Vr 21 Aug.	5 / 19	Sonnig
Sa 22 Aug.	5 / 18	Gedeeltelik bewolk
So 23 Aug.	5 / 19	Sonnig
Ma 24 Aug.	6 / 21	Sonnig
Di 25 Aug.	6 / 19	Sonnig

TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
Hannalie Claassen 079 040 0531

G

WINKEL-URE:

Maandae - Donderdae
07:30 tot 17:00

Vrydae:
07:30 tot 16:30

Saterdag:
09:00 tot 13:00



Elsstraat 44
Heilbron 9650
Tel: 058 852 3033

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen-akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak **Jaco Meiring** 082 851 6158 of **Piet Meiring** 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

TE KOOP

OULANDS-GRASBALE

Swaar bemesde ouldsgrasbale te koop. R380 vir 1.2m en R430 vir 1.5m bale. Skakel **Hennie Naudé** 083 269 9293
Heilbron K0752

VOER TE KOOP

Skakel my gerus. 083 688 8256
K0723

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk. Kontak **Evert Kleynhans** 072 018 3685
Heilbron R

SMALLS

EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

DIENTE



Andries Muller
072 447 7446
Vrystaat 23, Heilbron
Ou Heilbron
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS
ALGEMENE DRAAIWERK
MEGANIESE HERSTELWERK

HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT



Hugo Groenewald
082 569 7205
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemaking. Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

Raak deel van ons lekker-lees gemeenskaps-koerant en stuur vir ons jou foto's van mypale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit graag. Vir enige nuus wat jy graag met die lesers wil deel, skakel **Silma** 083 363 6553.

GiG Technologies (Pty) Ltd
• Alarm Systems • Web Development
• Computer Products • Internet Services
• Computer Repairs • CCTV Installations

Jenny Wireless Internet
www.jenny.co.za
087 170 0000

Contact us for all your technical needs!
Adriaan: 072 840 4495 Estian: 074 279 6993
Mail: info@gigittechnologies.com

GEMEENSKAPSNUUS

COVID-19: WAT JY VANDAG MOET WEET

Die jongste getalle toon dat daar 568 919 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is. Die dodetal staan tans op 11 010 en reeds 432 029 mense het van die virus herstel. Suid-Afrika staan steeds as die land met die vyfde meeste Covid-19 Gevalle.

Die jongste inligting deurgegee van Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 12 Augustus en dui aan dat Ngwathe 855 bevestigde Covid-19 gevalle het.

Die Departement van Onderwys het Woensdag die matriekeindeksamen se rooster aangekondig. Dit sal van 5 November tot 15 Desember geskryf word.

Al hoe meer mediaberigte begin ook die rondte doen dat vlak twee van die inperking dalk nog vandeeweek ingestel kan word. Die verbanning van die verkoop van sigarette en alkohol mag tydens vlak twee van die inperking gelig word.

DOKTERS COVID-POSITIEF

Die spreekkamers van Dokters Spies en van Stryp is nog nie ten volle operasioneel nie. Dr Danie van Stryp het laasweek Dinsdag positief getoets vir Covid-19 nadat hy vir twee dae griepsimptome gehad het. Die spreekkamers was twee keer ontsmet en het heropen op 11 Augustus. Dr van Stryp is weer op sy pos. Dr Lood Spies het egter ook laasweek griepsimptome getoon en eers negatief getoets vir die virus. Die spreekkamers het die 6de gesluit sodat beide dokters kan aansterk. Dr Spies het Vrydag weer getoets vir die virus en die keer was die uitslag positief en sal hy eers weer vanaf 17 Augustus by die werk wees. Die spreekkamers en die kantoor is egter oop soos normaal.



MUNISIPALE HUISBESOEK

Verskeie inwoners weet alreeds dat munisipaliteitswerkers jou huis kom besoek en met 'n instrument jou verdeelbord en meter ondersoek. Dit word gedoen in samewerking met Visual Revenue Management wat begin 2020 gestig is wat die visie het om 'n strategiese vennoot in die munisipale ruimte van Suid-Afrika te word. Die onmiddellike fokus is omsetbestuur, ruimtelike gegewensoplossings, infrastruktuur - elektrisiteit en infrastruktuur - water. Indien die werker aan jou deur kom klop kan jy vra vir identifikasie om seker te maak wie jou huis betree. Die werkers ondergaan elke dag 'n siftingstoets vir Covid-19.

NGWATHE MUNICIPALITY



PUBLIC NOTICE

CALLING FOR

INSPECTION OF

SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given, in terms of Section 78(1) of the Local Government Municipal Property Rates Act, of 2004 (Act No. 6 of 2004) (hereinafter referred to as the "Act"), that the **1st** Supplementary Valuation Roll for the financial years 1 July 2019 to 30 June 2024 is open for public inspection at the office of the Chief Financial Officer, Ground floor, Ngwathe Municipality, Liebenbergstrek, Parys for the period 01 August 2020 to 30 August 2020, Mondays to Fridays during office hours i.e. 07:45 to 16:30. It is also available at the following areas;

	PARYS	HEILBRON	VREDEFORT	KOPPIES	EDENVILLE
MUNICIPAL OFFICES IN TOWN	Customer Care Office	Customer Care Office	Customer Care Office	Customer Care Office	Customer Care Office
MUNICIPAL OFFICES IN TOWNSHIP	Customer Care Office: Tumahole	Customer Care Office: Phiritona	Customer Care Office: Mokwallo	Customer Care Office: Kwakwatsi	Customer Care Office: Ngwathe
LIBRARY IN TOWN	Help desk: Parys Library	Help desk: Heilbron Library	Help desk: Vredefort Library	Help desk: Koppies Library	
LIBRARY IN THE TOWNSHIP	Help desk: Thutong and Schonkenville Library	Help desk: Phiritona and Sandersville Library	Help desk: Vredeshoop Library	Help desk: Kwakwatsi Library	

In terms of Section 49(1)(a)(ii) of the Act any owner of property, or other person who so desires, is hereby invited to lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the abovementioned period.

Your attention is specifically drawn to the fact that in terms of Section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the valuation roll as such.

Objection forms are obtainable at all Customer Care Offices. The completed form/s must be returned to:

Chief Financial Officer
Ngwathe Local Municipality
Valuation Roll
P.O. Box 359
PARYS
9585

Alternatively the form/s can be handed in at any Customer Care Offices

For enquiries please contact the Chief Financial Officer or Revenue Manager during office hours on (056) 816 2700.

B.W KANNEMEYER
MUNICIPAL MANAGER

ROLBAL VIER VROUEDAG

Alhoewel Augustusmaand alombekend is as die winderige maand, het die Rolbalkklub Maandag 'n heerlike windlose dag op die baan gehad. Augustus, as Vrouemaand, het met groot plesierigheid begin. Soos versoek, moes elke man 'n string krale om die "hals" dra, alhoewel Ina Slabbert die prys gewen het as die dame met die mooiste string krale om die enkel, of was dit dalk, net dalk, die stukkie enkel wat so vertoon is... Koos Bierman en Brandt van Rensburg het bewys dat mans net so verleidelik kan lyk met die regte versierings. Die dames is elkeen verdienstelik bederf met 'n lekker romerige sjokolade. Op 'n ernstige noot, dit was 'n voorreg vir die mans om die dag saam met die dames te vier en net weer te besef dat Heilbron Rolbalkklub se dames 'n waardevolle bydrae maak tot die klub. Natuurlik is ons grootste voorreg om 'n dame soos tannie Rita Hoffman as lid van die

klub te kan hê. Haar positiewe ingesteldheid tot die spel en die klub dien as voorbeeld vir al die lede.

Op die foto regs: Brandt Janse van Rensburg en Koos Bierman.

KENNISGEWING

NOTICE TO DEBTORS & CREDITORS

In the Estate of the **LATE JURIE VILJOEN** Identity Number: 630727 5062 084, in life married out of community of property, residing at farm Rooiwal, district Koppies, Province Free State, who died on 17 June 2020, **Estate Number: 3980/2020**. All persons with a claim against the above mentioned estate must submit it to the Executor within 30 (Thirty) days from the date of publication. Signed at Heilbron on 4 August 2020. **(GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC 40 CHURCH STREET P.O. BOX 205, HEILBRON, 9650**



Ina Slabbert, Petro Habig, Amelia Galatis, Sue van der Westhuizen en Rita Hoffman.



BEDANKINGS

Dankie Dokter
Hierdie pandemie ruk elkeen. Dit gaan soms verby dat wie raak die pandemie die ergste? Die dokters, aptekers en hul personeel. Hulle staan elke oggend op met die wete dat hul direk in kontak kom met die virus, tog vat hul die risiko om mense te help. Ons sit met ons geliefde twee huisdokters wat albei positief getoets het vir Covid-19. Dit is slegs 'n bewys dat hul werklik hul lewens op die spel geplaas het. Hiermee wil ek namens die gemeenskap sê dankie Dokter, hospitaalpersoneel, dankie vir die personeel by die apteek en dankie vir elke keer se vriendelike gesig as ek 'n afspraak maak by die dokters en elke gesondheidswerker. Dankie dat jul ten spyte van hierdie dodelike virus steeds jul lewens waag om jul gemeenskap te dien, dit word opreg waardeer.
Megan Watson

BEDANKING

Ek en my gesin wil net aan tannie Jehanne en oom Phillip van der Merwe dankie sê dat hulle so baie vir ons doen. Ons harte is saam hulle seer met die verlies van die Gastehuis. Dankie aan die gemeenskap wat so vinnig opgetree het om te help om die vuur te blus, Aan almal wat gehelp met met klere en slaapplek, ons waardeer dit uit die diepte van ons harte. Heilbronniers het regte harte van goud. Mag die liewe Heer jul seën.
Liefde en groete die Schult-gesin

DANKIE HEILBRON

Verlede Saterdagmiddag is ons oorval deur die spoed en krag van 'n vuur wat 'n historiese ou gebou vernietig het, maar tegerlyktyd ook oorweldig deur die vinnige reaksie en bereidheid van ons boeregemeenskap, bure en jeug om betrokke te raak en te help in sulke noodgevalle. Julle is kosbare kanale waardeur God werk omdat julle juis self so beskikbaar stel om Sy liefde en genade so deur julle te laat werk. Niemand het eers gedink aan koste of vergoeding nie - binne minute was die perseel vol bakkies met vuurvreters uit alle oorde waarmee boere kom help het. Dawid en Danie was ewe gou daar om leiding te gee en die bereidwilligheid en waagmoed van jong manne om meubels te probeer red was verstommend. Ons wens ons kon die geleentheid hê om in stilte en kalmte aan elkeen wat betrokke was persoonlik ons groot dankbaarheid te kon betuig. Dit sou ook haas onmoontlik wees, want hoe bewys mens prakties die groot dankbaarheid wat in jou hart lê aan soveel mense wat almal bereid was om dit waarmee hulle besig was net so te laat om onmiddellik 'n instrument in God se hand te word om ons by te staan? Julle het ons opnuut vervul met bewondering vir die Hemelse Vader wat ons aanbid se groot genade. So baie dankie aan elkeen wat kom help het met die brand - God seen julle.

Phillip en Jehanne

SUBSCRIBE & SAVE

SUBSCRIBE TO **FARMER'S WEEKLY** AND ENSURE THAT YOU NEVER MISS OUT ON INTERVIEWS WITH TOP AND EMERGING FARMERS! **FARMER'S WEEKLY** WILL ALSO MAKE SURE THAT YOU STAY UP TO DATE WITH THE MOST IMPORTANT LOCAL AND GLOBAL AGRI NEWS.

VISIT FARMERSWEEKLY.CO.ZA AND CLICK "SUBSCRIBE"

HERALD

BOKKEDAG NOG 'N MOONTLIKHEID

SPORT

Die president, dis nou hierdie keer nie Gerrie Muller nie, maar Cyril, gaan die naweek weer 'n paar belangrike afkondigings doen. Almal hoop dat die voggies weer mag vloei en dat daar dalk 'n rokie ook gaan trek. Sou dit die geval wees, kan Heilbron Gholffklub ook dalk weer sy Bokkedag aanbied. Dit is nodig om die klub se fondse aan te vul.

Laas Saterdag, so oor die langnaweek, was daar heelwat gholfers op die baan en het die ou veteraan Julyan Bruyns die HBA mug gewen na 'n uitspeel teen Jackie Leonard.

Hoor ook dat van die manne vanweë sy haarstyl na Julyan verwys as Anton Goosen, maar sy

haarkapper is glo in Mosselbaai en kan hy nog nie oor die grens gaan nie vanweë die lockdown.

Daar het drie Frankforters ook kom kuier, hulle mag wel interprovinsiaal rondrits. Die Theron broers eindig derde en vierde tydens Saterdag se plaaslike kompetisie met 73 netto tellings.

Een van die lede het pryse geborg en was dit lekker om weer met 'n strykster by die huis aan te kom. Die naweek is dit gewone spel, inskrywings vanaf 10:30 en daar sal ook weer van die dameskomitee se voortreflike halfweg etes wees. Die stand van sake in die dubbel putjie-spel is op die onderstaande "log".

HEILBRON DUBBELS :2020-2021							
	LOG	P	W	D	L	PD	PTS
1	JACKIE & WAM	6	6	0	0	+72	28
2	JOHN & JULYAN	8	3	1	4	-1	19
3	LEONARD & NIKLAAS	4	4	0	0	+19	16
4	GERRIE & EBEN	8	3	0	5	-14	16
5	RUAN & WILLEM	6	3	0	3	+2	14
6	WILLIE & JOHAN	7	2	0	5	-21	13
7	PIETER & ARNOLD	5	2	0	3	-24	10
8	RIJ & VIAN	2	1	1	0	+6	6
9	HERMAN & GP	2	1	0	1	-1	5
10	OSIE & CHRISTINE	3	1	0	2	-9	5
11	ABRIE & EDWARD	1	0	0	1	-6	1
12	JACO & EDMUND	1	0	0	1	-9	1

WISSENTRAAL

Elke Woensdag
Royal Auction Centre
FRANKFORT

Koopkrag gewaarborg

Kontak ons bemarkers

P.J. MÜLLER
060 966 9340

Bestuurder & Bemarker

CORJAN DE JAGER
079 506 8777

Frankfort
Cornelia
Roadside

FANIE VAN DER MERWE
082 494 3127

Frankfort
Cornelia
Oranjeville

DAVID GERBER
082 489 7424

Reitz
Tweeling
Petrus Steyn

GERHARD HARTMAN
082 550 2054

Villiers
Grootvlei

HUGO GROENEWALD
082 569 7205

Koppies
Edenville
Heilbron
Oranjeville

IAN GROBBELAAR
060 965 6207

Afslaer

BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

DINSdag - 18 AUGUSTUS 2020

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

WOENSDAG - 19 AUGUSTUS 2020

WOLMARANSSTAD: AMPTELIKE SAVM
60 Top ramme

11:00, Wolmaransstad skourend
Kontak Theuns Barnard 082 374 2656

BLOEMFONTEIN: NASIONALE MERINO
LANDSKAAP

40 Ramme
11:00, BKB Kleinvee kompleks Bloemskou
Kontak Schaik Jonker 073 007 0022

DONDERDAG - 20 AUGUSTUS 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Gert Burger 082 822 1952

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

WARDEN: OOS-VRYSTAAT SIMBRA

30 Top bulle
11:00, Spaarsaam, Warden
Kontak Bennie van der Merwe 082 414 4228

VREDE: SUIDELIKE HOEVELD
DRAKENSBERGER KLUB

35 Top bulle
11:00, Vrede veilingsskale
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

VRYDAG - 21 AUGUSTUS 2020

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Paul de Bruyn 079 882 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Saity de Villiers 073 816 4956

VENTERSBURG: HAYFIELD BONSMARA
35 Bulle & 200 vroulike diere

11:00, Hayfield, Ventersburg
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

SATERDAG - 22 AUGUSTUS 2020

POTCHEFSTROOM: GERT FOURIE
281 ha Eiendom te koop

11:00, Doornhoek, Potchefstroom
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088



www.bkb.co.za

BKB Louwid NOORD 2005/026173/07
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317
e-pos: frankfort@bkbouwuid.co.za

POSTNET HEILBRON

COURIER YOUR SHIPMENTS TO
YOUR LOVED ONES.

WE DELIVER RIGHT TO THEIR

DOORSTEP AND NATIONWIDE!

POSTNET @ DOOR
POSTNET @ POSTNET

WE LOOK FORWARD TO ASSISTING
YOU WITH YOUR COURIER NEEDS.

VISIT US TODAY!

WE ALSO COLLECT
AND DELIVER
SHIPMENTS
COUNTRYWIDE!

42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650

Tel: 058 85 30 006

Email: heilbron@postnet.co.za • Website: http://heilbron.postnet.co.za

BUSINESS HOURS: 08:00 - 16:30



FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830

www.ftcfrankfort.com



Willem : 072 647 1074

Ruan : 072 176 4206

Thinus : 079 544 8096

Parts : 072 684 3861

Landline : 058 813 1206

Email : fctfrankfort@gmail.com